Oppie Tong Af
On the Tip of your Tongue
OPENBARE OPTREDE
PUBLIC SPEAKING

Oppie Tong Af / On the Tip of your Tongue bied kursusse in openbare optredes asook die skryf en lewering van toesprake aan. Hulle bemagtig sprekers om self toesprake te skryf met die doel om verandering teweeg te bring.

Toonaangewend, Baanbrekers, Voorlopers!

Oppie Tong Af / On the Tip of your Tongue is 'n nasionale jeugleierskap- en vaardigheidsontwikkelingsprojek in openbare optrede. Oppie Tong Af / On the Tip of your Tongue staan vir verandering. **Verander jou onmiddellike omgewing! Verander jou land! Verander ons Wereld!**
Die jeug van Suid-Afrika word bemagtig om met selfvertroue te kommunikeer in die nuwe tegnologiese era.

TWEE BELANGRIKE UITKOMSTE WAAROP DIE KOMPETISIE FOKUS, is **toeganklikheid** en **volhoubaarheid.** Met die regstreekse aanlyn platform ontwikkel 'n spreker die vaardigheid om hom/haar professioneel aanlyn te handhaaf en te kommunikeer voor 'n gehoor.

Die projek is ontwikkel om die jeug voor te berei op 'n toekoms waar **TEGNOLOGIE** met hoofletters geskryf word en die meeste kommunikasie - soos onderhoude, onderhandelinge, potgooie, voorleggings en besprekings- aanlyn plaasvind.
Besighede se sukses hang af van die bemeestering van aanlyn kommunikasie. Sprekers en toeskouers kan met gemak van regoor die wêreld inskakel om deel te wees van die opwindende projek.

Die volgende afdelings word in Afrikaans en Engels aangebied:

- **Oorredingstoespraak** - Afrikaans: Individueel voorbereid
- **Persuasive Speech** - English: Individual prepared
- **Oorredingstoespraak** - Afrikaans: Individueel onvoorbereid (1 uur voorbereiding)
- **Persuasive Speech** - English: Individual unprepared (1 hour preparation time)
- **Oorredingstoespraak** - Afrikaans: Span voorbereid
- **Persuasive Speech** - English: Group prepared
- **Oorredingstoespraak** - Afrikaans: Span onvoorbereid (1 uur voorbereiding)
- **Persuasive Speech** - English: Group unprepared (1 hour preparation time)
- **Motiveringstoespraak** - Afrikaans: Individueel voorbereid
- **Motivational Speech** - English: Individual prepared
- **Vermaaklikheidstoespraak** - Afrikaans: Individueel voorbereid
- **Entertainment Speech** - English: Individual prepared
- **Afrikaans: Die Goue Tong** (5 minute voorbereiding)
- **English: The Golden Tongue** (5 minutes preparation time)

Waar vind die kompetisie plaas?

Oppie Tong Af | On the Tip of your Tongue is 'n **nasionale kompetisie**, wat in elke provinsie van Suid-Afrika aangebied word. Na afloop van die provinsiale kompetisies, wat regstreeks aanlyn plaasvind, word die topsprekers van elke provinsie genooi om in persoon aan die nasionale finaal in Gauteng deel te neem. Dit is die kompetisie se ***glansgeleentheid**!

Wanneer vind dit plaas?

Datums kan verander a.g.v. die wysiging van skoolkalenders.
Die volgende uitdunne vind gewoonlik in **kwartaal 2** plaas: Noord-Kaap, Vrystaat, Wes-Kaap, Limpopo, Namibie. Gauteng, Mpumalanga,
Noordwes, Kwazulu-Natal, die Oos-Koop en die nasionale spanredenaars kom in **kwartaal 3** aan die beurt.
Die nasionale finaal vind in **kwartaal 4** in Gauteng plaas. Topsprekers uit die provinsies word genooi om die land se beste sprekers te bepaal.

Hoeveel deelnemers is daar?

+/- 6 000 individueel
+/- 300 spanredenaars.

Alle inligting wat jy nodig het is op ons webtuiste beskikbaar, insluitend riglyne vir elke tipe toespraak.
Alle inskywings word aanlyn gedoen en betaal.
www.oppietongaf.co.za
Vir meer inligting epos gerus: **info@oppietongaf.co.za**

Oppie Tong Af